No. 567 23 Maart 1979

## WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

### VERKLARING VAN ERF 317 EN GEDEELTES VAN ERWE 316, 318 EN 319, McGREGOR

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Willem Adriaan Cruywagen, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die terrein synde Erf 317 en sekere gedeeltes van Erwe 316, 318 en 319, McGregor, met die huise in die volksboukundige styl daarop, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die terrein synde Erf 317 en sekere gedeeltes van Erwe 316, 318 en 319, soos getoon op Landmeterskaart 5/8465/14 van 14 April 1973, geliasseer by die kantore van die Munisipaliteit van McGregor en die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede op Lêer 2/K/M-G/5 en as volg beskryf:

(a) Sekere stuk grond, 'n belasbare oppervlakte in die McGregor-besproeiingsdistrik, geleë in die munisipaliteit McGregor, afdeling Robertson, synde Erf 317, McGregor, en groot vierduisend tweehonderd drie-en-tagtig (4 283) vierkante meter.

Transportakte 10691/1970, gedateer 27 April 1970 (paragraaf 2).

(b) Sekere stuk grond, 'n belasbare oppervlakte in die McGregor-besproeiingsdistrik, geleë in die munisipaliteit McGregor, afdeling Robertson, synde Erf 316, McGregor, en groot een desimaal twee agt vier agt (1,284 8) hektaar.

Transportakte 10691/1970, gedateer 27 April 1970 (paragraaf 1).

(c) Sekere stuk grond synde die restant van Erf 318, McGregor, geleë in die munisipaliteit McGregor, afdeling Robertson, 'n belasbare oppervlakte in die McGregor-besproeiingsdistrik, en groot vierhonderd-en-sewentien (417) vierkante meter.

Transportakte 7885/1971, gedateer 25 Maart 1971.

(d) Sekere stuk grond, 'n belasbare oppervlakte in die McGregor-besproeiingsdistrik, geleë in die munisipaliteit McGregor, afdeling Robertson, synde Erf 319, McGregor, en groot seshonderd drie-en-vyftig (653) vierkante meter.

Transportakte 10691/1970, gedateer 27 April 1970 (paragraaf 3).

*Historiese en argitektoniese belang*

Hierdie strategies geleë terrein vorm 'n integrerende deel van die historiese kern van McGregor. Die 28 wooneenhede op die terrein is in 1976 in die tradisionele volksboukundige styl opgerig met behulp van 'n subsidie van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede. 10/2/388.

W. A. CRUYWAGEN, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 567 23 March 1979

## NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

### DECLARATION OF ERF 317 AND PORTIONS OF ERVEN 316, 318 AND 319, McGREGOR

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Willem Adriaan Cruywagen, Minister of National Education, hereby declare the site being Erf 317 and certain portions of Erven 316, 318 and 319, McGregor, with the houses in the vernacular style thereon, to be a national monument.

*Description*

The site being Erf 317 and certain portions of Erven 316, 318 and 319, as shown on Surveyor's Diagram 5/8465/14, dated 14 April 1973, and filed at the offices of the Municipality of McGregor and at the National Monuments Council on File 2/K/M-G/5 and described as follows:

(a) Certain piece of land, a rateable area in the McGregor Irrigation District, situate in the Municipality of McGregor, Division of Robertson, being Erf 317, McGregor, and measuring four thousand two hundred and eighty-three (4 283) square metres.

Deed of Transfer 10691/1970, dated 27 April 1970 (paragraph 2).

(b) Certain piece of land, a rateable area in the McGregor Irrigation District, situate in the Municipality of McGregor, Division of Robertson, being Erf 316, McGregor, and measuring one decimal two eight four eight (1,284 8) hectares.

Deed of Transfer 10691/1970, dated 27 April 1970 (paragraph 1).

(c) Certain piece of land, being the remainder of Erf 318, McGregor, situate in the Municipality of McGregor, Division of Robertson, a rateable area in the McGregor Irrigation District and measuring four hundred and seventeen (417) square metres.

Deed of Transfer 7885/1971, dated 25 March 1971.

(d) Certain piece of land, a rateable area in the McGregor Irrigation District, situate in the Municipality of McGregor, Division of Robertson, being Erf 319, McGregor, and measuring six hundred and fifty-three (653) square metres.

Deed of Transfer 10691/1970, dated 27 April 1970 (paragraph 3).

*Historical and architectural interest*

This strategically situated site forms an integral part of the historic core of McGregor. The 28 housing units on the site were erected in 1976 in the traditional vernacular style by means of a subsidy from the National Monuments Council. 10/2/388.

W. A. CRUYWAGEN, Minister of National Education.

No. 568 23 Maart 1979

## WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

### VERKLARING VAN DIE EIENDOM MET DIE GEREFORMEERDE KERK DAAROP, TE MIDDELBURG (KAAP)

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Willem Adriaan

No. 568 23 March 1979

## NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

### DECLARATION OF THE PROPERTY WITH THE REFORMED CHURCH THEREON, AT MIDDELBURG (CAPE)

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Willem Adriaan Cruywagen, Minister of